Die Herout

NG Gemeente Lyttelton-Oos

Dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader

Nuwe formaat Die Herout

Neem kennis:

- *Parknaval 9 Augustus*
- *C-Kruis optredes 27 Aug—1 Sept*
- *Mosaïek begin eers weer 13 Aug*
- *Reeks oor Openbaring: Sondae 13 Aug—17 Sept om 19:00*

In hierdie uitgawe:

Matlala	4
Datums	6
Comrades	8
Finansies	9

Dis die eerste verskyning van Die Herout in sy nuwe baadjie!

Dankie aan almal wat dit moontlik gemaak het:

Realty1Elk vir hulle borgskap van die buiteblad, Sunnyprint vir billike drukkoste, en natuurlik Max Amsenga se harde werk!

Daar is nog baie skaafwerk wat gedoen moet word en ‘n mense leer mos maar uit jou eerste poging. In die volgende uitgawes sal ons graag meer nuus oor die mense van ons gemeente wil plaas en allerhande interessante wetenswaardighede oor die gemeente.

In die volgende uitgawe (September) sal ons ’n hele paar bladsye afstaan aan die Parknaval-gebeurlikhede en in die uitgawe daarna (Oktober) aan die optredes van C-Kruis.

Elke lidmaat is welkom om ‘n bydrae te lewer! Stuur gerus ‘n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za of gooi ‘n koevert by Krugerlaan 105 se posbus in.

Mag die Here u hierdie maand help om vrugte te dra tot eer van sy Naam!

Liefde, vreugde, vrede.

Freddie Schoeman

(Baie dankie aan ds Freddie Schoeman vir die insamel van inligting en die uitleg).

Versprei God se liefde

Ander het ook God se liefde nodig.

Kan jy dit oor jou hart kry om God se liefde vir jouself te hou? As God se liefde werklik in ons hart woonplek kom maak, dan raak dit te veel—dit móét oorloop!

Die oorkoepelende tema van die preekreeks van 6 Oktober—17 September is: *Versprei God se liefde.* Ons versprei dit deur dit te ***vertoon***—sigbaar gestalte te gee in dade van hulp en diens; deur ander te ***verwelkom*** in ons midde; deur die skanse van die vyand deur intersessie te ***verbrokkel***; deur die wêreld om ons te ***verbeter*** deur sout en lig te wees; en om God se koninkryk te ***verwesenlik*** deur waarde toe te voeg aan almal wat ons teëkom.

Eredienste: Sondae 09:00 en 10:30

Gemeenskapsondersteuning

DRA MEKAAR SE LASTE

-PAULUS IN GALASIËRS 6:2

Ons bloksisteem is stadig maar seker besig om gestalte te kry. Die doel van die sisteem is om 'n netwerk van ondersteuning vir mekaar te skep. Daarom is dit noodsaaklik dat ons mekaar sal leer ken en dat ons betrokke sal wees by mekaar. Die volgende byeenkoms, op 1 September om 12:00, is 'n gesamentlike byeenkoms van al vier blokke. Ons gaan sake van gemeenskaplike belang bespreek maar die blokke sal ook afsonderlik bymekaarkom.

Onthou, dis nie net vir lidmate van Lyttelton-Oos nie; nooi gerus u bure ook—ons het <u>almal</u> mekaar nodig!

Blog en webtuiste

Wil jy graag die nuutste preek weer deurlees? Wil jy weet wat in die afkondigings Sondag was maar kon nie by die erediens uitkom nie? Wil jy op hoogte wees



met wat in die nuusmedia oor die kerk en geloofsake gerapporteer word?

Besoek dan gerus ons webtuiste en weblog:

<u>www.lytteltonoos.org.za</u>

<u>www.lytteltonoos.org.za/blog</u>

DIE KEER TOE GOD 'N SKRYNWERKER GEWORD HET

(32) JESUS EN SY WEDERKOMS

Lees: Mt 25:31-46; 1 Tes 4:13-17; Openb 20:11-21:8

Jesus het nie net laat verstaan dat Hy na sy dood nog by sy volgelinge sal wees nie, maar ook dat Hy weer gaan kom. Die dissipels het geen twyfel daaroor gehad nie. Sy lering was duidelik. Wanneer dit sal plaasvind maak Hy nie bekend nie. Niemand weet dit nie. Daarom moet die gelowiges waaksaam bly en altyd gereed wees. Om die punt te maak vertel Jesus die gelykenis van die tien meisies. Vyf was waaksaam en gereed toe die Bruidegom kom en het saam met hom ingegaan na die fees maar vyf was slap en nie gereed nie en het nie ingegaan nie. Hulle het ook gekom maar was te laat. Wees dan waaksaam

Met die wederkoms sal almal wat dood is opstaan en na Hom toe gaan in die lug. Waar Christus met sy eerste koms gekom het om ons te verlos, sal Hy met sy tweede koms kom om te oordeel. Daaroor vertel Hy ook 'n gelykenis. Hy sal in sy majesteit kom en op sy troon gaan sit om te oordeel. Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word. Die wat geskik is vir sy heerlikheid sal afgeskei word van dié wat bestem is vir die verderf. Die verskil tussen die twee groepe sal wees dat eersgenoemde Hom iets te ete gegee het toe Hy honger was, te drinke gegee het toe Hy dors was; huisvesting gegee het aan Hom as 'n vreemdeling; klere gegee het toe Hy daarsonder was; Hom verpleeg het toe Hy siek was en Hom in die tronk besoek het. Hulle sal dan vra: wanneer? want hulle het dit nie gedoen nie. Dan sal Hy antwoord dat wat hulle aan hulle medemens in nood gedoen het, hulle aan Hom gedoen het. So het huille die wil van God gedoen. Die wat na die verderf gaan het niks aan die medemens in nood gedoen nie. Elkeen sal die loon op sy lewe ontvang.

Tot daardie dag sal die volgelinge van Jesus besig wees om mense te lei tot geloof in Hom en om liefde te betoon in woord, gesindheid en daad.

Met die wederkoms sal die Koninkryk van God ten volle geopenbaar word. Dan sal daar nie meer siekte, sonde of duiwel wees nie. Almal sal gesond en gelukkig in die Koninkryk wees. Dan sal die hemel en aarde vergaan en sal daar 'n nuwe hemel en aarde kom waarin geregtigheid sal wees.

KOM HERE JESUS

VRAAG:

Wat gaan gebeur met die wederkoms?

GEBED:

Here, daar is 'n heimwee in my hart na die wederkoms. Gee dat ek gereed sal wees. AMEN.

Matlala-uitreik

Jongmense van verskeie gemeentes het deelgeneem aan vanjaar se Matlala Uitreik (7 - 17 April) waaronder van die NG Gemeentes: Lyttelton-Oos,Villieria, Eldoraigne, Garsfontein; Doxa Deo lidmate, Teologiese studente van fakulteite UP en RAU en jongmense van ECHO en CYB Jeuggroepe. Die essensie van die Matlala–uitreik is natuurlik om jongmense aan die brand te steek oor uitreikwerk en aan die anderkant om die Evangelie van Jesus Christus te verkondig aan die mense in die Nebo-Sekhukhune gebied. Hierdie jaar was Thabeng die teikendorpie en die span het tuisgegaan by die laerskool, maar eers moes die skool ingerig word vir die sowat 60 mense. Matrasse is aangery, 'n markiestent is opgerig, ablusie geriewe vir die storte is opgerig en die kombuis is ingerig. Ons was verras om die skoolhoof en ander werkers by die skool werksaam te vind om dit op te knap vir ons verblyf. Dit was werklik vir ons baie goeie nuus en ook 'n teken dat ons in die gemeenskap verwelkom word.

Janita Mostert (NG Lyttelton-Oos) help die plaaslike mense om groentetuine aan te lê

Gedurende die eerste naweek word gewoonlik gefokus op voorbereiding van die span. Opleiding word aangebied oor verskeie fasette van utreik. Die span word ingedeel in bybelstudiegroepies en bediening. Die Sondag word gebruik as 'n vas en gebedsdag waarin die span hulself toe wy aan die Here.

Gedurende die uitreik kry die span geleentheid om deur middel van verskillende bedieninge die mense met die evangelie te bedien. Die sportbediening was hierdie jaar 'n groot sukses en baie jongmense is met die evangelie bereik. 'n VIGS-voorkomingsprogram en kliniek is aangebied deur mediese dokters en susters, die kinders is bedien, groentetuine is by die skool begin en opleiding is aan die plaaslike gemeenskap gegee oor hoe om hulle eie tuine

Matlala-uitreik / vervolg

te maak en te onderhou. Verder het die tegniese en logistiese bediening baie hard gewerk om die ander bedieninge te ondersteun. Evangeliese films is 4 keer gedurende die aandbyeenkomste vertoon en van die 1591 wat bygewoon het het 1100 keuses gemaak om die Here te volg. Met die huisbesoek, het van die 30 mense wat besoek is, 26 ook keuses gemaak. Die span het ook in verskeie kerkies in die villages opgetree tydens Goeie Vrydag en Paas Sondag. 'n Groepie volwassenes van die NG Gemeente Villieria het by ons aangesluit vir die langnaweek. Hulle was betrokke by armesorg en ook kosvoorbereiding vir die groot Jeugkonferensie waarmee die bedieninge afgesluit is.

Barbare Mostert (NG Lyttelton-Oos) lewer haar bydrae tot die gemeenskapsete wat die span vir die gemeenskap voorberei het

Net voor die span se vertrek op die 17de het die burgemeester en haar gevolg die span kom bedank vir hulle insette in die gemeenskap. Dit was vir ons weereens 'n baie spesiale wyse waarop die uitreik afgesluit is. Ons loof die Here vir ons ontvangs in die gemeenskap.

Ons is die Here baie dankbaar vir sy beskerming tydens die rit. Die Molotopad word nie verniet die pad van die dood genoem nie. Om hierdie pad tydens Paasfees aan te pak is 'n uitdaging opsigself! Die groot trok het ook tydens die uitreik in 'n sloot beland en dit was omtrent 'n gespook om dit uit te trek. Ons is egter baie dankbaar dat niemand seergekry het tydens hierdie voorval nie! Bid asseblief vir elkeen wat hierdie uitreik bygewoon het dat die Vader self vir hulle sal lei om hulle lewens volkome aan Hom toe te wy. Bid ook vir elkeen wat die Woord gehoor het tydens die uitreik, dat die Gees dit sal laat groei en dat ons tydens die opvolguitreike 'n dieper pad met hulle kan loop.

Baie baie dankie vir Lyttelton-Oos ondersteuning aan ons! Daarsonder sou ons nie met hierdie werk kon voortgaan nie.

Baie groete in Christus
Elize-Marie van Jaarsveld

Augustus 2006

Sun	Mon	Tue	Wed	Thu	Fri	Sat
		1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	29	30	31		

Belangrike datums

- 2 Aug—KAF Vergadering (19:00)
- 6 Aug—Manuel Escorcio tree tydens erediens op
- 7 Aug—Gemeente 48 jaar oud
- 9 Aug—PARKNAVAL
- 20 Aug—Nagmaal (09:00 en 10:30)
- 23 Aug—Kerkraads-vergadering (19:00)
- 27 Aug-1 Sept—C-Kruis optredes

E-Nuusbrief

Vir gereelde nuus oor die gemeente stuur ons graag 'n e-pos nuusbrief en gereelde sms'e. Teken in!

Wil jy op hoogte bly met wat in die gemeente gebeur? Een van die beste maniere om dit te doen is om in te teken op ons weeklikse (soms twee per week!) e-nuusbrief.

Gaan na ons tuisblad op die internet, www.lytteltonoos.org.za en vul jou e-pos adres in die blou blokkie aan die regter-kant van die skerm in en klik op "stuur" en, siedaar!, jou naam is op ons lys.

Ons belowe dat jy nie gemorspos sal ontvang nie en dat jou adres ons geheim is. Ons sal dit vir niemand gee nie!

As jy nie sms-herinnerings van gemeente-gebeur kry nie, gee jou selfoonnommer vir Alida by die inligtingstafel en ons sal sorg dat jy by die lys gevoeg word.

Belangrike datums

- 1 Sep—Blokbyeenkomste
- 5 Sep—Chris Chameleon
- 13 Sep—Diakonie verg. (19:00)
- 16 Sep—Damesoggend
- 20 Sep—Adoramus (20:00)
- 23 Sep—Skole sluit
- 2 Okt—Skole heropen

September 2006

Sun	Mon	Tue	Wed	Thu	Fri	Sat
					1	2
3	4	5	6	7	8	9
10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30

Waardes

Ons gemeente het vyf waardes waaraan ons graag gestalte wil gee:

GENADE: Ons wil graag gestalte gee aan God se on-voorwaardelike liefde

GEMEENSKAP: Ons wil graag gestalte gee aan die feit dat ons mekaar se broers en susters is

GEBED: Ons wil graag gestalte gee aan die feit dat God ons Vader en Koning is

GROEI: Ons wil graag gestalte gee aan die werk van die Heilige Gees in ons lewens

GEHOORSAAMHEID: Ons wil graag gestalte gee aan God se Koninkryk.

Al die drama van die Comrades!

Lyn de Bruin vertel van haar Comrades

Dear Friends,

It is with great thanks to everyone that supported me through my 10th Comrades, for those donations towards the bible project, for those encouraging sms's and those cell phone calls that I received before, during (Dave took them) and after the race.

THE FACT THAT I EVENTUALLY MANAGED TO GET IN UNDER 10:00 HOURS WAS ONLY BY THE *GRACE OF GOD* ...

Unfortunately I did not make the sub 9:00 cut off as planned, although Johnny vd Walt tried really hard to pull me through, costing him his own Bill Rowan. At 23km to go I made him leave me and I took refuge on the grass on my back at the Savages Running Club tent for about 5 minutes, these people where great. From here on I decided to become a walker and walked most of the way to the finish. I also had my turn to be an angle to others along the road as the 'Savages' where to me.

Just after leaving their tent I saw a black runner lying in the grass flat on his stomach and I asked him If he was ok, did he have anything for energy – this poor chap was totally blank – I passed on a Breakthru Bullet to him to suck and I started on my way. Some km's further I passed him without much notice but he called my name and asked me "Lyn where did you pass me? I wanted to thank you for your help, if it was not for you I would not be here now". People this is what makes a race like Comrades, being Angels to each other and on this race there are thousands. If you have never run a race before you may not realize just how much it means to be there for someone.

The fact that I eventually managed to get in under 10:00 hours was only by the *Grace of GOD* and the Angels that he sent as supporters and fellow runners to push, pull and encourage me to keep on going to the end.

Our target for the Bible project was originally R9,000. but I am praying that it will reach the R10,000 mark to coincide with my 10th running of Comrades. Promises received so far have reached R9,002.00. Jacques Martins and myself are truly grateful to everyone who has helped us to reach our goal.

Jacques finished in 09:15 even though he 'bought' a piece of the Comrades route. Well done Jacques.

Well done to all other runners who finished Comrades 2006, many of which passed me as if I was standing still, we are proud of you all.

God bless.

Lyn de Bruin

Terugvoer van KAF—en dis nie kaf nie!

Kobus Badenhorst, voorsitter van die Kommissie vir Finansies en Administrasie (KAF), gee terugvoer

Finasies verbeter steeds!

Vyf maande van die nuwe finansiële jaar is reeds verby en daar kan met groot dankbaarheid aan ons Hemelse Vader gerapporteer word dat die gemeente se finansies steeds besig is om op baie vlakke te verbeter.

Terwyl die uitgawes in totaal binne begroting bestuur is, het inkomstes bokant begroting gestyg, weer eens met groot dank aan ons Hemelse Vader maar ook aan die gemeentelede wat hulle bydrae biddend oorweeg en met groot verantwoordelikheid en toewyding gedoen het.

Bydraes

DIE MIKPUNT WAT GESTEL IS IN TERME VAN RESERWES IS NOU REEDS 60% BEHAAL TEENOOR DIE VERTREKPUNT VAN 20% AAN DIE BEGIN VAN DIE VORIGE FINANSIËLE JAAR.

Daar is egter steeds baie besoekpunte wat nie dankofferbydraes doen of gereeld doen nie. Daar is ongetwyfeld ‘n legio redes hiervoor; onder andere dat lidmate nie besoek word nie. ‘n Sekondere doel van die kleiner wyksindeling is onder andere om juis ook hierdie probleem te ondervang deur die daarstelling van meer hanteerbare grootte wyke en subwyke.

Dit kan egter nie weg geredeneer word dat bydraes die gemeentelid se verantwoordelikheid teenoor die Hemelse Vader is nie. Die kerkraad het die verantoordelikheid om hierdie bydraes in te samel en is dit tradisioneel gedoen deur maandelikse besoeke van die diakens (dienswerkers) aan besoekpunte.

Hierdie praktyk blyk al minder haalbaar en prakties uitvoerbaar te wees in hedendaagse omstandighede.

Om maar enkele voorbeelde te noem die volgende:

- Ontoeganklike residensiële persele as gevolg van veiligheidsmaatreëls.
- Gevaar waaraan diakens en dienswerkers met kontant, saans (en selfs bedags), in die strate aan kriminele elemente bloot gestel word.
- Benewens diakens en dienswerkers se lewens word ook hulle voertuie aan gevaar blootgestel. Voertuie soos ons weet word deurlopend binne enkele minute vanaf sypaadjies gesteel in ons woonbuurt.
- Bogenoemde bemoeilik nie slegs die taak nie maar maak gemeentelede huiwerig om in hierdie posisies te dien.

Blaai om

Terugvoer: vervolg van bladsy 9

- Druk werksprogramme, reisafstande, verkeersprobleme, veeleisende druk op leerders, beide ouers wat werksaam is en enkelouers is verdere voorbeelde wat dit vir gemeentelede bemoeilik om in die posisies te dien.
- Groot bedrae kontant maak die saakgelastigde ‘n sagte en aantreklike teiken, hetsy in die kerkkantoor of op pad bank toe.

Moderne tegnologie het egter vele alternatiewe daargestel om bogenoemde probleme te oorbrug. Die kerkraad stel as deel van sy verantwoordelikheid om dankofferbydraes in te samel die alternatief van *e-debietorder* en *GivenGain* tot beskikking van die gemeente.



Moderne tegnologie het egter vele alternatiewe daargestel om probleme te oorbrug

e-Debietorder en GivenGain

e-Debietorder is ‘n eenvoudge stelsel wat soos volg werk:

- U as lidmaat voltooi ‘n e-debietordervorm (selfde formaat as ‘n bankdebietorder) wat hierby aangeheg is of by die kerkkantoor of met behulp van kerkraadslede verkrygbaar is. U voltooi en handig dit in by die kerk of by ‘n persoon in u bedieningspan.
- Die saakgelastigde sleutel die inligting op die kerkrekenaar in en met gebruik van ‘n program wat deur die bank beskikbaar gestel is word die bedrag uit die lidmaat se rekening gevorder op die datum soos deur hom/haar bepaal en in die gemeente se rekening oorbetaal.

Die stelsel vergemaklik die administratiewe prosedure en bied ‘n oplossing vir al die bogenoemde probleme.

GivenGain is bedoel vir mense wat graag hulle banksake op die internet doen. Op ons tuisblad is daar ‘n skakel—”GivenGain”—wat jou na ‘n veilige bladsy neem waar u dan u bydrae kan maak. Dit word bedryf deur ‘n internasionaal erkende organisasie wat ‘n reputasie opgebou het van veilige internet transaksies. U kan verder oor hulle gaan lees by www.givengain.org.

BEIDE E-DEBIETORDER EN GIVENGAIN MAAK DIT VIR ELKE LIDMAAT MAKLIK OM HULLE BYDRAES TE GEE EN MAAK DIT VIR KERKRAADSLEDE VEILIGER

Indien u verkies kan u ook ‘n GivenGain-vorm by die inligtingstafel voltooi en ons sal dit na GivenGain toe faks waar hulle die invoer sal doen.

Help ons risiko's te verminder!

Daar word deur die kerkraad 'n ernstige beroep op alle gemeentelede gedoen om ondersteuning vir die stelsel.

Spesifiek aan die gemeentlede wat tans hulle bydraes in kontant of per tjek doen word daar 'n ernstige beroep gedoen om in die lig van die genoemde probleme die kerkraad by te staan om ons eie gemeentelede wat bereid is om te dien minder bloot te stel aan onnodige risikos. Kom ons gebruik die tyd wat ons het om pro-aktief op te tree sodat ons nie dalk later met 'n verwyt of 'n tragedie in die verband sit nie.

Aan gemeentlede wat nog nie op 'n gereelde basis 'n bydrae lewer nie - 'n baie spesiale beroep om in verantwoordelikheid die saak biddend voor die Here te neem. Maak 'n begin met 'n klein bydrae per e-debietorder en hersien dit so spoedig en dikwels as moontlik in die toekoms.

PARKNAVAL

Soos u bewus is het die Parknaval die afgelope twee jaar 'n beduidende bydrae gelewer tot die gemeente se inkomste en finansiële herstel. Daar word weer vanjaar uitgesien na hierdie geleentheid van opge-wondenheid, samesyn, harde werk, diensbaarheid en die smaak van sukses.

Daar word 'n beroep gerig aan alle gemeentelede om weereens u ondersteuning aan hierdie projek te gee soos in die verlede.

Ondersteun asseblief al die aspekte en poog om 'n aantal vriende en/of kennisse van buite die gemeente saam te bring op **WOENSDAG, 9 AUGUSTUS**. Kom ons bou verder op die stewige fondament wat gelê is deur 'n besondere inisiatief, groot toewyding en baie harde werk.

KOBUS BADENHORST

VOORSITTER : KAF

NG Gemeente Lyttelton-Oos

H/v Molteno en Van Riebeeckln
Lyttelton Manor
Centurion
Web:
www.lytteltonoos.org.za

Kontak Sexta Maree
Tel 012-664-4458
Sel 072-434-4670
e-pos:
ngk@lytteltonoos.org.za

Dissipels wat vrugte dra tot eer van die Here

GENADE GEMEENSKAP
GEBED GROEI
GEHOORSAAMHEID

Goeie Preek

'n Werktuigkundige gaan luister na 'n evangelis in 'n buurdorp. Daardie aand preek hy oor geld, met 'n driepunt preek. Die eerste punt: "Maak soveel geld as wat jy kan." Die werktuigkundige stamp aan sy vrou en sê: "Dis die beste preek wat ek nog gehoor het. Hy weet waarvan hy praat."

Die tweede punt: "Spaar soveel geld as wat jy kan." Die werktuigkundig fluister: "So iets het ek nog nie gehoor nie. Hy is goed genoeg om President te word. Daar is nie nog so 'n prediker in die land nie." Die prediker gaan toe voort om harde werk en spaarsaamheid aan te moedig, en teen luiheid en vermorsing te praat. Die werktuigkundige stem heelhartig saam.

Derde punt: "Gee alles wat jy kan." "Ag nee," roep die werktuigkundige uit. "Hy's van sy trol-lie af. Nou preek hy nie meer nie, nou meng hy in."

Christians - By Maya Angelou

**When I say... "I am a Christian"
I'm not shouting "I'm clean livin'."
I'm whispering "I was lost,
Now I'm found and forgiven."**

**When I say... "I am a Christian"
I don't speak of this with pride.
I'm confessing that I stumble
and need Christ to be my guide.**

**When I say... "I am a Christian"
I'm not trying to be strong.
I'm professing that I'm weak
And need His strength to carry on.**

**When I say... "I am a Christian"
I'm not bragging of success.
I'm admitting I have failed
And need God to clean my mess.**

**When I say... "I am a Christian"
I'm not claiming to be perfect,
My flaws are far too visible
But, God believes I am worth it.**

**When I say... "I am a Christian"
I still feel the sting of pain.
I have my share of heartaches
So I call upon His name.**

**When I say... "I am a Christian"
I'm not holier than thou,
I'm just a simple sinner
Who received God's good grace, somehow!**